

Saailand van God

B137b

Skriflesing uit 1Kor.3:1-9

Kernvers: 9-‘Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.

Die mens is God se tuin, Sy akker - die mens is God se saailand in wie se harte Hy Sy onverganklike Woord saai. As ons dan medewerkers is van God en ons werk saam met die Here en ons doen wat die Here vir ons sê, sal daardie saad vrugdra volgens sy soort.

As ek my hart vir die Here oopmaak en sê: Here, vat daardie Woord en plant dit hier in my hart, en ek maak daardie Woord my eie en ek maak dit nat met my gebede en my tranes dan sal daardie saad groei so seker as wat die son môre sal opkom. En wat nog wonderliker is, dit sal voortbring volgens sy soort.

Of dit ‘n woord van genesing is, of ‘n woord van redding, sal jy gesond word en sal jy gered word. Al is jy in die diepste van die sonde en die duiwel sê vir jou: dis klaar met jou, jy kom nie weer hieruit nie, maar jy vat daardie woord en jy laat dit posvat in jou hart en laat nie die duiwel toe om dit by jou te steel nie, dan sal jy gered word. Jy sal gesond word, want ons is die saailand van God. Prys Sy wonderlike en lieflike Naam!

Matt.15:18-20: ‘Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié dinge wat die mens onrein maak. Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal. Dit is hierdie dinge wat die mens onrein maak...’

Geliefdes, hoe het daardie dinge in jou hart gekom? Eerstens is dit die gevolg van die sondeval, en tweedens is dit daar geplant. Jesus het in daardie gelykenis gesê: Terwyl die mense geslaap het, het die vyand gekom en onkruid gesaai.

Daarom is my hart ontroerd want ons is gedurig blootgestel aan gedagtes, idees, en ideologieë. Dit wat ons sien, hoor en lees. Daarom moet ons ons harte oopstel vir God om Sy Woord in ons harte te plant sodat dit kan groei.